

10 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 6:1 – 7:1

Fokusgedeelte: 1 Samuel 6:19

Wees bly met eerbied!

Toe die ark teruggekom het van die Filistyne af, het dit op 'n wa gery. Die Filistyne het nie van beter gewees nie. Eintlik moes die ark deur die Leviete gedra word en toegegooi wees onder robbevelle. Die ark was dan God se aardse troon. Die simbool van sy heilige teenwoordigheid onder sy volk. Wanneer die ark in Bet-Semes aankom, is die volk baie bly. En tog maak die Here sewentig mense dood.

Hoekom doen die Here dit? Hierdie woord vir bekyk sou 'n mens kon beskryf as aangaap of aanstaar. Hulle het die troon van die Here onnadenkend aangegaan. Hulle het van die ark 'n verhoogstuk gemaak. Onnadenkend maak hulle van die ark se terugkoms 'n drama. Die blydschap was onnadenkende eerbiedloosheid. God laat hom nie aangaap nie, Hy laat Hom nie eers onnadenkend aangaap nie. En daarom die vreeslike straf van die Here.

Dit laat 'n mens terugdeins en tog leer die Here ons van sy heiligheid. Die wonder van God se teenwoordigheid deur sy Gees in ons neem nooit die ontsag weg nie. Die wete van God se teenwoordigheid hou ons juis terug van onnadenkendheid. Ons moet waarlik bly wees in die Here, maar in ons blydschap moet daar ook 'n diepe eerbied vir die Here wees. Ware blydschap in die Here en egte ontsag vir Hom loop altyd hand aan hand.

Wanneer gelowiges eerbiedig bly is in hulle werkplekke, wanneer gelowiges hulle in die wêreld ontsagvol verheug in die Here, is ons waarlik soos stad op 'n berg. Dan is ons 'n lig vir die nasies.

Sing: Psalm 2:3, 6

Ds RA Bain (Cachet)

